

# Die aard van genderuitbeelding van vroulike hoofkarakters in onlangse Afrikaanse jeugliteratuur

Isabella Geldenhuys en Johan Anker

---

Isabella Geldenhuys en Johan Anker, Fakulteit vir Onderwys,  
Kaapse Skiereiland Universiteit van Tegnologie (Wellington-kampus)

---

## Opsomming

Jeugfiksietekste kan 'n kardinale rol in die vorming van genderidentiteit speel, want daarin word die jeugleser blootgestel aan verskuilde magstrukture, stereotipes en seksisme. Die doel van hierdie artikel is om vas te stel of daar in die Afrikaanse jeugliteratuur 'n verandering in die uitbeelding van genderrolle en ook die gevolglike invloed op gendervorming plaasgevind het sedert 2002 met die publikasie van *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* (Van der Vyver 2002) wat sedertdien ook 'n voorgeskrewe verhaal op skool is. Vyf gekose bekroonde jeugromans met vroulike hoofkarakters is uit die tydperk 2002–2012 ondersoek om vas te stel in watter mate die jong vroulike leser se genderidentiteit beïnvloed sou kon word deur dit wat sy lees. Die tekste is aan feministiese kritiesediskoersontleding onderwerp om verskuilde magstrukture te ontbloot en die vorming van vroulike karakters in jeugromans te ondersoek.

Die navorsingsbevindinge dui daarop dat daar positiewe veranderinge is ten opsigte van genderstereotipering in onlangse Afrikaanse jeugromans en dat skrywers sterk vroulike karakters die lig laat sien. Die navorsing toon ook dat sekere stereotipes diepgewortel is en dat dit gevolglik langer sal neem voordat verandering sal intree. Een van die gevolgtrekkings waartoe die studie kom en waarvoor verdere navorsing noodsaaklik is, is die belangrikheid daarvan dat die onderwyser in die klas bewus sal wees van verskuilde magstrukture en uitgediende stereotipes in jeugromans en om dit tydens die onderrig van jeugliteratuur te ontbloot.

**Trefwoorde:** diskoers; gender; genderidentiteit; genderrolle; jeugliteratuur; magstrukture; seksisme; stereotipes

## Abstract

### Gender construction of female protagonists in recent Afrikaans youth novels

Critics of young adult literature (YAL) agree that youth novels can play an important role in forming identity in adolescent readers. While reading YAL the reader is confronted with implicit social, political and cultural norms, power structures, stereotypes and sexism which form part of their world and could have an influence in forming their identity and gender roles.

The aim of this article is to establish whether there was a meaningful change in the portraying of gender roles, especially those of female characters, in recent prize-winning Afrikaans youth novels. The research investigated whether such a change took place and what influence it could have had on the gender and identity construction of the young female reader. Five youth novels with strong female protagonists, published between 2002 and 2012, were selected: *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* by Marita van der Vyver (2002), *Pandora se boks* by Nelia Engelbrecht (2007), *Lien se lankstaanskoene* by Derick van der Walt (2007), *Die verdrinking van Josua van Eden* by Carina Diedericks-Hugo (2008) and *Ek was hier* by Nanette van Rooyen (2011).

The methodology used was feminist critical discourse analysis.

Critics of YAL, like Lethonen (2012), Wickens (2011), Seelinger Trites (2000) and Younger (1998), agree that the core of YAL often includes a power struggle in different forms that may have an impact on the adolescent reader with regard to identity forming. Seelinger Trites (2000:47) mentions the following:

Identity politics matter most in most adolescent literature however, in terms of how an adolescent's self-identifications position her within her culture. How an adolescent defines herself in terms of race, gender, and class often determines her access to power in her specific position.

According to Coats (2011:318) the purpose of modern youth literature is often to confront the young reader with urgent moral, social and cultural issues in an indirect and accessible manner. The teaching of YAL in school should thus also be informed by the theories of social and cultural power structures, identity forming and constructions, and critical reading to identify the ideologies in these texts (Kokesh and Sternadori 2015:140). McCallum and Stephens (2011:370) emphasise the interaction in realistic YAL between the direct and indirect portraying of social order and power structures. While reading and interpreting, the young reader interacts with characters, plot, ideological frameworks and structures of social and cultural power. This interaction and identification with characters and their world can also lead to a resistance to and transgression of current cultural and social norms, especially when informed and performed by the protagonist in the text. In such an instance, according to McCallum and Stephens (2011:368) there is a recognition of the self as an independent individual with his/her own identity, and the self as an agent who could make his/her own choices about the prevailing norms and structures.

In the past, before 1990, Afrikaans youth novels tended to portray a traditional, patriarchal core family who adheres to the current social norms of that time and age. More recent novels,

since the 1990s, tend to move away from that image towards the description of a more complex, fluid social structure with a more equal power base for men and women. Also evident is the change to more independent, powerful female protagonists with more freedom to make their own choices. They are part of alternative or dysfunctional families that undermine and question the previous portrayal of Afrikaans society and family life. The theoretical framework of feminist discourse analysis was used to analyse the five recent youth novels (since 2002) with a specific focus on the textual framework and language of these novels. The purpose was to investigate how the female protagonists were portrayed through the language used, the influence of their friends and other characters on their actions, and their reactions to the current social norms and power relations envisaged in these texts. Marshall (2004:256) formulated this analysis as follows: “[I]n terms of girlhood, post-structural approaches allow an analysis of how girls are presented with and inserted into ideological and discursive positions by practises which locate them in meaning and its regimes of truth.”

The following categories were defined during the discourse analysis in the five novels: patterns of focalisation, the portrayal of strong female characters and feminist sub-characters, the role of physical appearance, the role of male characters, family life and structure, the influence of social structures, and the use of stereotypes and sexual references.

The study concludes that the five novels did indeed indicate a meaningful change from the beginning of 2000 in the portraying of female characters and protagonists in Afrikaans youth literature. This may have a meaningful influence on the processes of forming identity and understanding of gender roles by the female readers of these novels.

The use of very strong female protagonists is conspicuous and strong feminist sub-characters also play an important role in directly stating and performing feminist issues. Although most of the protagonists are still beautiful girls, the importance of the physical appearance is continuously undermined and critiqued by the protagonist and other characters. Direct references to feminist ideology and outspoken feminist characters are part of these novels. The portrayal of family life changed to alternative compositions and dysfunctional homes with absent fathers and or mothers, more freedom for the adolescent characters in their choices and a fluid sense of gender roles in society.

The adolescent protagonists are also more aware of the social contexts and norms, and power structures surrounding them. The result is a more open discourse. The character and reader are forced to reflect on these structures and what these entail for their freedom and possible choices. It is also true that the stereotypical adolescent moods and issues are portrayed. The male characters are still seen as strong, independent characters and teen romance remains an important part in these novels. Thus the stronger female protagonists in these recent Afrikaans youth novels do represent a significant change in the portraying of gender roles.

These protagonists (and the readers) are aware that the process of forming identity and understanding one’s gender role is a fluid one depending on a context of relationships and social structures.

**Keywords:** discourse analysis; gender; gender identity; gender roles; power structures; sexism; stereotypes; young adult literature

## 1. Inleiding

Greyling (1999:1) stel dit onomwonde dat jeugverhale wel 'n impak op lesers kan hê. Fox (2010:3) gaan so ver om te sê dat letterkunde/literatuur 'n magtige instrument is wat gebruik kan word om mense se idees en lewensuitkyk totaal en al te verander. Volgens Fox (2010:30) kan die regte boek op die regte tyd 'n groot impak hê op die leser se vorming van identiteit en lewensuitkyk. Juis daarom is dit belangrik om tekste baie versigtig te kies, veral vir die jeug.

Jeugfikstetekste kan 'n spesifieke rol speel in die vorming van identiteit by die adolessent. Hierdie artikel fokus op tekste wat vir adolessente geskryf is. Die artikel ondersoek spesifiek die vraag watter invloed dié tekste op die vorming van genderidentiteit kan hê. Hierdie invloed word deur Weitzman (aangehaal en vertaal in Niehaus 1989:4) soos volg saamgevat:

Kinders leer die wêreld buite hulle onmiddellike omgewing ken deur boeke. Hulle leer wat seuns en dogters doen, sê en voel. Hulle leer wat reg en wat verkeerd is en veral wat van kinders van hulle ouderdom verwag word. Boonop voorsien boeke rolmodelle oor wat hulle kan en behoort te word wanneer hulle groot is.

Roberta Seelinger Trites (2000:47) het bevind dat lees wel 'n groot impak op die jeug se standpunte en houdings het en 'n groot bydrae lewer tot die vorming van identiteit by die adolessent:

Identity politics matter most in adolescent literature, however, in terms of how an adolescent's self-identifications position her within her culture. How an adolescent defines herself in terms of race, gender, and class often determines her access to power in her specific situation. (Seelinger Trites 2000:46)

Kenners van jeugliteratuur, soos Lethonen (2012:240), Wickens (2011), Seelinger Trites (2000:x) en Younger (1998:121), stem ook saam dat die kern van jeugromans dikwels 'n magstryd insluit. Die stryd kom in verskillende vorme voor. Daar is die spanning tussen leser en skrywer, asook 'n magstryd tussen die karakters en instellings van mag in hul leefwêreld, soos die skool, die kerk, die regering en die ouerhuis. Die karakters het wel 'n mate van mag wat hulle self probeer uitoefen, maar dit word deur die groter instellings onderdruk. Die belangrikheid van die uitbeelding van seksualiteit in jeugboeke en die karakters se magposisie in daardie opsig word ook beklemtoon. Seelinger Trites (2000:16-7) en Kokesh en Sternadori (2015:142) beskou die rol van die jeugroman as deel van die kulturele diskoers. Dit vorm volgens hulle deel van die identifiseringsproses en vorming van identiteit deur middel van taal. Die klem val op jeugliteratuur, want hierdie tekste het, volgens onder andere Marshall (2004:261), 'n geskiedenis van die spesifieke beïnvloeding van jong lesers tot die norm van heteroseksuele vroulikheid en manlikheid.

Volgens die sosiale konstruktivisme is subjektiwiteit en identiteit nie natuurlike of essensiële eienskappe van menswees nie, maar is dit eerder die uitwerking van die heersende diskoers in ons samelewing (Castle 2007:103). Die vraag wat gevra moet word, is: "To what extent do regulatory practices of gender formation and division constitute identity ...?" (Butler, aangehaal in Castle 2007:104).

Bogenoemde uitgangspunte plaas die klem op die rol van jeugromans in die vorming van gender en identiteit, die rol van die leser met betrekking tot betekenisvorming tydens die lees van 'n teks en die feministiese lens waardeur 'n teks gelees kan word.

Die keuse van tekste vir hierdie artikel is bekroonde Afrikaanse jeugromans met 'n vroulike hoofkarakter, wat van 2002 tot 2012 verskyn het. Daar is egter een uitsondering. *Die verdrinking van Josua van Eden* deur Carina Diedericks-Hugo (2008) is nie 'n pryswenner nie, maar wel 'n boek waarin 'n baie sterk vroulike karakter voorkom. Die tekste is die volgende:

- *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* deur Marita van der Vyver, Goue Sanlamprys: 2002.
- *Pandora se boks* deur Nelia Engelbrecht: Scheepersprys vir Jeuglektuur (2007–2008) en ATKV-kinderboekprys in die selfleeskategorie.
- *Lien se lankstaanskoene* deur Derick van der Walt: Sanlamprys: Goud, 2007. Dit is ook bekroon met die MER-prys in 2009.
- *Die verdrinking van Josua van Eden* deur Carina Diedericks-Hugo (2008).
- *Ek was hier* deur Nanette van Rooyen: LAPA-uitgewers se jeugromanwenner van 2011.

## 2. Literatuurstudie

### 2.1 Die aard van jeugliteratuur

Bean en Moni (2003:638) beskou moderne jeugliteratuur as leesstof gemik op lesers tussen die ouderdom van 12 en 18 (adolesente) wat 'n unieke beeld bied van die sosiale konflik en dilemmas vir lesers in hierdie ouderdomsgroep. In hierdie studie word nie verder onderskeid getref tussen jeugfiksie en fiksie vir jong volwassenes nie. Adolesente lesers vind aanklank by hierdie literatuur as gevolg van onder andere die gebruik van 'n interne verteller of die fokalisering deur 'n karakter in hierdie ouderdomsgroep. Dit word veral gekenmerk deur die werklikheidsgetroue konfrontasie met toepaslike tiener vraagstukke soos verhoudings en konflik binne verhoudings, seks, rassisme, dwelmmisbruik, egskeiding en botsings met magstrukture soos die skool en ouerhuis. Dit word vir hulle, as gevolg van bostaande redes, ook 'n soort rigtingwyser vir die hantering van hierdie vraagstukke (Bean en Moni 2003:638; Kokesh en Sternadori 2015:139).

Karen Coats (2011:316) verwys ook na die tersaaklikheid van hierdie tekste vir tienerlesers in hul daaglikse ervaring van verskillende konflikte: "Young adult literature exerts a powerful influence over its readers at a particularly malleable time in their identity formation." Van die invloedryke kritici van jeugliteratuur, soos Roberta Seelinger Trites en Robyn McCallum, beklemtoon volgens Coats (2011:317), spesifieke temas soos die konfrontasie met seks, verganklikheid en die dood, magstrukture in die samelewing, die groei tot volwassenheid en die vorming en voorstelling van die proses van vorming van 'n eie persoonlikheid en identiteit. Veral McCallum beklemtoon die vorming van 'n eie identiteit (die ervaring van gender ingesluit) in die interaksie tussen ideologie en kulturele en sosiale kragte wat ook in hierdie literatuur ter sprake is. Volgens Coats (2011:318) is die doel van moderne

jeugliteratuur juis om die leser op 'n toeganklike wyse direk met dringende morele, sosiale en kulturele probleme te konfronteer.

Bogenoemde eienskappe van jeugliteratuur plaas die vorming van 'n eie identiteit en standpunte sentraal vir die leser. In hierdie opsig val dit dus ook binne die konteks van die onderrig van hierdie genre aan adolessente in die klas. Dit vra egter ook die kritiese lees, die bevraagtekening van die ideologieë van hierdie tekste binne die veilige ruimte van onder andere die klaskamer, asook die raamwerk van 'n literêre teks (Bean en Moni 2003:638). Volgens John Stephens is jeugliteratuur “a story that tackles the difficult, and oftentimes adult, issues that arise during an adolescent’s journey toward identity” (aangehaal in Kokesh en Sternadori 2015:140). Die wyse waarop hierdie aspekte en vraagstukke wat in die teks voorkom, deur die onderwyser in die klas hanteer word, dra ook 'n spesifieke boodskap oor in verband met die heersende kulturele waardesisteme en sosiale raamwerke (Bean en Moni 2003:640).

Volgens Kokesh en Sternadori (2015:140) bevat boeke in die genre gewoonlik die volgende elemente: 'n adolessent as protagonis; 'n duidelike adolessentestem, -verteller of -houding; 'n reis na identiteitsvorming en -ontdekking; asook kontrastering met volwassenes. Coats (2011:322) wys egter daarop dat daar nie 'n eenvormige of eenvoudige definisie vir *jeugliteratuur* is nie. Daar is ooreenstemming tussen kritici dat die ouderdom van die protagonis 'n belangrike rol speel. Hulle noem ook ander temas en aspekte soos seks, die magstrukture van sosiale konvensies en instellings, etiese en morele kwessies, die aspek van verandering en groei na volwassenheid, die ervaring van verganklikheid en eerste konfrontasie met die dood. Die vorming van identiteit en die steeds veranderlike aard daarvan bly egter een van die aspekte wat die meeste deur moderne kritici bespreek word bespreek word (Seelinger Trites 2000:xi; Coats 2011:323).

Santoli en Wagner (2004:65) vra die vraag of die bestudering van jeugliteratuur werklik al die aandag werd is. Hulle noem dan onder andere die volgende redes waarom dit wel so 'n groot invloed op die adolessent kan hê: dit handel oor toepaslike en universele temas; maak moeilike kwessies meer toeganklik en verteerbaar; ondersteun die soeke na 'n eie identiteit; hanteer die basiese menslike konflikte; sluit aan by hul beleving van 'n voortdurende groeiproses; en handel oor karakters van hul ouderdom met wie hulle kan identifiseer (2004:68–72). Koss en Teale (2009:567–9) stem grootliks hiermee saam, maar voeg ook by: die realisme daarvan; die feit dat humor al hoe meer deel vorm van hierdie tekste; en dat dit die tienerleser help om sy plek in die wêreld te vind.

Verskeie kritici verwys na veranderinge wat in die laaste dekades in die jeugroman na vore gekom het. Koss en Teale (2009:568–70) maak onder andere melding van 'n variasie en wisseling van fokalisering asook 'n eksperimentering met formaat en tyd, wat die gebruik van terugflitse insluit. Dit is egter veral die ingewikkelde en veranderende rol ten opsigte van identiteit- en gendervorming in jeugromans wat in onlangse artikels en besprekings beklemtoon word.

## **2.2 Gendervorming en die sosiale aard daarvan**

McCallum en Stephens (2011:359) stel dit duidelik dat daar nie 'n verhaal is sonder ideologie nie: ideologie word in en deur taal geformuleer en beklemtoon. Taal word sosiaal bepaal en verhale word deur taal gekonstrueer.

Die vertel van stories as narratiewe diskoers word dan een van die funksies van taal waardeur die taalgemeenskap sy eietydse waardes en gesindhede (norme) oordra. Die uitbeelding van onderliggende en veronderstelde sosiale strukture, gedagtes, menings en gewoontes geskied meestal indirek en onbewustelik, met die gevolg dat dit voorkom asof dit die norm is (McCallum en Stephens 2011:360). Sosiale vraagstukke en waardestelsels manifesteer deurlopend op 'n direkte of indirekte wyse in jeugtekste. Dikwels word dit geïntegreer in die primêre fokus op verhaaldebeure (intrige/plot) en karakters. Die lees van jeugliteratuur behoort dus 'n kritiese proses te wees om hierdie onderliggende waardesisteme en norme aan te dui en daarop te reageer. Al die elementêre elemente van die vertelling, die taal en narratiewe struktuur, het te doen met die oordrag daarvan (McCallum en Stephens 2011:360–2). Heinecken (2013:5) noem in hierdie opsig boeke “kulturele produkte”. Volgens McCallum en Stephens (2011:370) is die interaksie tussen direkte en indirekte uitbeelding van 'n heersende sosiale struktuur veral in werklikheidsgetroue jeugliteratuur duidelik en relevant. Hierdie tekste belig sosiale temas en beeld karakters uit as merkers van die heersende ideologie ten opsigte van ras, gender en ander aspekte.

Robyn McCallum beklemtoon volgens Coats (2011:317) veral hoe die identiteit van die self gekonstrueer en bemiddel word deur die interaksie tussen ideologie, kulturele en sosiale kragte, asook ander persone om ons. Bean en Moni (2003:638) bespreek in hierdie verband die identiteitsvorming van adolessente in die moderne globaliserende en vervloeiende gemeenskap met sy onderskeie invloede waarbinne die adolessent sy identiteit moet probeer vorm en bepaal: “These fluid spaces are disorienting, disrupting a fixed sense of place, and this spills over into teens’ interior worlds”. Bean en Moni beklemtoon egter ook die rol van die media, insluitende die jeugroman, as bydraend tot hierdie vormingproses en beskou juis geletertheid, insluitend die lees van jeugromans, as 'n forum waardeur identiteit in die moderne wêreld ontwikkel kan word (Bean en Moni 2003:642).

Spesifiek met verwysing na die wyse waarop jeugliteratuur 'n rol speel in die gendervorming van meisies sê Coats (2011:318) dat meisies al hoe meer aangemoedig word om leiding te neem om 'n selfstandige en objektiewe diskoers oor hul eie posisie te voer. In 'n onlangse studie deur Kokesh en Sternadori (2015:139) in die VSA is bevind dat die uitbeelding van meisies en vroue in jeugboeke wel deeglik die vorming van genderidentiteit beïnvloed, terwyl daar steeds ruimskootse stereotipering van genderrolle van meisies en vrouens voorkom. Dít ten spyte van die manifestering van onafhanklike en emosioneel selfstandige meisiekarakters in fiksie. Kokesh en Sternadori (2015:140) is van mening dat daar 'n toenemende ambivalensie bestaan in die huidige siening van vroulikheid en uiteenlopende ideale vir die rol wat vroue moet speel. Dit sluit aan by Coats (2011:320) se siening dat die bepaling van 'n spesifieke gendervorming feitlik onmoontlik word binne 'n snel veranderende wêreld en die spoed van die verandering op alle sosiale en kulturele vlakke.

Kokesh en Sternadori (2015:141) beklemtoon egter dat genderstereotipes sal voortbestaan solank as wat bestaande en nuwe jeugliteratuur dit in stand hou, aangesien hierdie tekste so 'n groot rol speel in hoe lesers hulself en ander beskou en identifiseer.

Lethonen (2012:247) beklemtoon verder dat die keuses van die adolessent nie oop of vry is ten opsigte van gendervorming nie. Dit word onder andere beperk deur wat die gemeenskap as norm beskou en die sosiale druk wat daarmee gepaard gaan. Erkenning, herkenning en aanvaarding deur ander speel ook 'n belangrike rol in die vorming van identiteit (Lethonen 2012:256). Volgens Lethonen (2012:244), is die sogenaamde “normatiewe” en die

“normaliteit van gender” nie net opgesluit in die alledaagse wyse waarop ’n subjek gender uitleef nie, maar ook in die wyse waarop ánder mense dit vorm en aanpas deur die etikettering en stereotipering van genderidentiteit. Die wyse waarop mense dus herken of geïdentifiseer word, is op sigself ’n magposisie waardeur menslike identiteit gevorm word volgens die oorheersende kultuur van identiteitsvorming.

### 2.3 Identifisering

Kokesh en Sternadori (2015:141) verduidelik dat identifisering ’n meganisme is waardeur die leser, vanuit sy innerlike ervaring, ’n teks ontvang en interpreteer. Identifisering is ook een van die belangrikste meganismes waardeur mense hul sosiale gesindhede ontwikkel. Dit kan deur die verbeeldingryke proses van spontane identifisering met die karakter in ’n narratief gebeur, deur die nabootsing van daardie karakter se denke, emosies en gewoontes (Kokesh en Sternadori 2015:142). Dit stem ooreen met wat Greyling (1999) “assosiatiewe” en “bewonderende” identifisering noem. Dit is dus, volgens Kokesh en Sternadori (2015:142) duidelik dat die stereotipiese uitbeelding van fiktiewe karakters beslis oor die potensiaal beskik om die leser se ingesteldheid ten opsigte van soortgelyke karakters in die werklike lewe te beïnvloed. Identiteitsvorming word ook geraak wanneer hierdie fiktiewe stereotipes verander in die stereotipering van die self. Sterk identifisering met die held/heldin in fiksie kan ’n besliste invloed op die vorming van die eie (gender-) identiteit uitoefen.

Hierdie identifisering kom veral voor by die lees van werklikheidsgetroue fiksie waarmee die leser maklik kan identifiseer. Wanneer die karakters, ruimte en selfs gebeure sterk ooreenkomste toon met die sosiale leefwêreld en kultuur van die leser, is die neiging tot identifisering net soveel makliker en meer natuurlik (Kokesh en Sternadori 2015:143). Dawn Heinecken (2013:104) wys egter daarop dat die identifiseringsproses en vorming van eie identiteit nie net ’n enkellynige of direkte proses is nie. Adolessente vorm soms sosiale en kulturele identiteite op uiteenlopende wyses; soms deur ’n onkritiese aanvaarding van tradisionele patrone en rolmodelle, maar soms ook deur die bevraagtekening daarvan en ’n oortreding van hierdie bestaande norme wat tot ’n verset teen die bestaande ideologieë kan lei.

Heinecken (2013:106) verwys na verskeie navorsers wat tienermeisies se interpretasie van jeugromans ondersoek het en bevind het dat hulle slegs gedeeltelik identifiseer met die tradisionele uitbeelding van die rolle wat die samelewing van hulle verwag. Hulle ervaar en verbeel hulle ook verskillende rolle in die vorming van ’n steeds ontwikkelende identiteit. ’n Neiging in moderne jeugromans is die uitbeelding van meer ingewikkelde karakters, maar met dieselfde teenstrydige emosies en ervarings in die soeke na hul plek in die samelewing, jongmense wat nog op pad is om hul self te vind (Heinecken 2013:110).

Lethonen (2012:256) voeg ook die aspek van intersubjektiviteit by, die herkenning en erkenning van die self deur die ánder, die afhanklikheid by die adolessent van ander adolessente se aanvaarding en hul vorming van identiteit. Dit sluit ’n gedurige bewuswees van die siening van die ander persone met wie hulle in verskillende verhoudings verkeer, in.

Vir die adolessent as leser (en vir die onderwyser in die klas) is dit dan ook belangrik om bewus te wees van ’n verset teen die tradisionele en kulturele norme oor hul rolle en veronderstelde identiteite, asook oor die steeds ontwikkelende persoonlike denkraamwerk oor aktuele vraagstukke in hul lewe, soos seks, dwelmmisbruik, godsdiens, verhoudings,



gesagstrukture, ens. (Heinecken 2013:114–5). Die lees van jeugliteratuur moet dus ’n kritiese proses wees ten einde al die onderliggende waardestelsels te identifiseer en daarop te reageer (McCallum en Stephens 2011:362).

Skrywers wat nie die stereotipiese karakter of gendervorming wil uitbeeld nie, maar dit ondermyn, kies juis karakters by wie die identiteit deur die loop van die teks nog moet ontwikkel. Die bewustheid van die self en identiteitsvorming word dan deur sekere houdings en eienskappe ontwikkel. ’n Verset teen die sosiale vorming word sodoende afgedwing, sodat ’n eie persoonlikheid kan ontwikkel. Sosiale vorming vind sodoende verder plaas deur diep persoonlike verhoudings, gegrond op die aanvaarding van ’n gelyke status binne daardie verbintnisse (McCallum en Stephens 2011:366).

Volgens McCallum en Stephens (2011:367) speel die verset teen, of oortreding en ondermyning van hierdie voorafgaande opvattinge en prosese juis ’n al groter rol in jeugliteratuur. Dit is tekste spesifiek gemik teen sosiokulturele vorming van identiteit, met die gevolg dat hierdie vormingsdeel van die ideologie van die teks word. Hierdie verset as gevolg van ’n konflik tussen standpunte en houdings waarin die een die ander probeer oorheers, asook die verset teen spraak en optredes, bemagtig die jeugkarakter juis om ’n eie identiteit en selfbeeld te ontwikkel in teenstelling met die heersende norme of genderdiskoers. Die moontlikheid van oortreding veronderstel twee gesamentlike aspekte van identiteit: die bewuswording van ’n persoonlike (onafhanklike) identiteit as individu én die bewuswording van die self as agent – ’n persoon met sy/haar eie keuses en aksies wat self ’n keuse uitoefen oor die aanvaarding van of verset teen die heersende norme (McCallum en Stephens 2011:368).

Uit die voorgaande kan onder andere afgelei word dat jeugliteratuur oor die potensiaal beskik om ’n bydrae tot die vorming van ’n identiteit te lewer. Jeugliteratuur kan ’n rol in die sosialisering van die leser speel en dit kan ’n invloed op sy/haar sosiale gedrag uitoefen. Seelinger Trites (2000:16, 17) beskou die jeugroman as deelnemend aan die kulturele diskoers wat die identifiseringsproses en vorming van ’n eie identiteit deur middel van taal kan begin: “If everything in culture is constituted by discourse and all discourse participates in the modes of production that enact society ... we are all constituted by discourse.”

Die beklemtoning van fisieke voorkoms en seksuele verwysings na die vroulike liggaam speel ’n groot rol in die media en in literatuur. Vroue word elke dag gekonfronteer met die “ideale liggaam”, onder andere in tydskrifte, op die televisie en op groot advertensieborde langs die paaie. Indien enige persoon elke dag met so iets gekonfronteer word, sal daar later selfvertwyfelings intree, maak nie saak hoe goed ’n persoon se selfbeeld is nie. Younger (1998:31, 34) sê in hierdie verband: “Female power, sexual and otherwise, is connected to a thin, lean body”; “Young women whose bodies develop early or who are simply more endowed are viewed as already sexual simply because of their figures”.

Dit is daarom van kardinale belang dat die leser, en veral die kwesbare adolessent, voorberei moet word op die lees van die tekste vanuit ’n kritiese perspektief, sodat die jong leser bewus kan wees van genderstereotiperings. ’n Kritiese perspektief sal die adolessent onder andere in staat stel om die vorming te verwerk sonder dat dit sy/haar selfbeeld negatief sal beïnvloed.

## 2.4 Navorsing in jeugliteratuur en bevindinge

Jeugromans soos *The catcher in the rye* (Salinger 1951) en *The outsiders* (Hinton 1954) het die werklikheidsgetroue genre ingelei wat, volgens Glessner, Hoover en Hazlett (2006:118), 'n meer realistiese uitbeelding was van probleme wat die adolessent ervaar: "By dealing realistically with the concerns, conversations and situations in which young people find themselves, authors tied the text to personal experience and knowledge" (Glessner e.a. 2006:118).

Die wêreldwye ontwikkeling van jeugliteratuur wat hierop gevolg het, het volgens Seelinger Trites (2000:x) veral ten doel gehad om te manipuleer. Sy gaan so ver as om te beweer dat die skrywer en die leser in 'n magstryd gewikkel is. Die skrywer wil die emosies, denkwyse en besluite van die jong leser as't ware beheer: "Books for adolescents have many ideologies. And they spend much time manipulating the adolescent reader."

Kritici het ook al ander aspekte van jeugliteratuur begin beklemtoon, soos die bevraagtekening en ondermyning van die normatiewe aannames oor gender en seksualiteit. Volgens Wickens (2011:100) probeer die meeste onlangse jeugromanskrywers om dit te bewerkstellig deur die skep van sterker empatiese karakters.

Verskeie kritici stem saam dat een van die groot veranderings in hedendaagse jeugliteratuur die polifonie of meerstemmigheid van tekste is. Hulle verwys na 'n verskeidenheid tekstuele stemme wat aan die woord kom in die romans, soos 'n variasie in register en styl, die toenemende belangrikheid van fokalisasie en die kritieke onderskeid tussen fokaliseerder en skrywer (Coats 2011:316; Hartley-Kroeger 2011:272; McCallum en Stephens 2011:277).

Volgens Day (2010:66) is een van die belangrikste doelstellings van hierdie meerstemmigheid die uitbeelding van die ontwikkeling van karakters se identiteit en subjektiwiteit. Meerstemmige vertelling en fokalisering is juis toepaslik in die jeugroman, omdat dit handel oor die protagonis se groei tot volwassewording, 'n toenemende bewustheid van intersubjektiwiteit, die verhouding met verskillende groepe en die ontwikkeling van 'n wêreldbeskouing vanuit verskillende perspektiewe.

Daar is reeds verwys na die tipiese fokalisering vanuit die protagonis se perspektief deur die interne verteller as een van die kenmerke van die jeugroman, of die gebruik van die eksterne verteller, maar vanuit die enkele perspektief of fokalisering van die jeugdige protagonis. Albei perspektiewe is wel vanuit een karakter se bewuswording, groei en identiteitsvorming (Day 2010:67; McCallum en Stephens 2011:362) waarmee die adolessent dus direk kan identifiseer. Hierdie soort vertelling kan egter wel ook as 'n beperkte uitbeelding van die adolessent se beleweniswêreld beskou word.

In die sogenaamde meerstemmige roman is daar meer fokaliseerders wat elkeen 'n eie bewustheid oordra en 'n invloed het op die identiteitsvorming en begrip vir die verskillende magsverhoudinge by die tienerkarakter en -leser (Day 2010:68). Dit is waarom McCallum en Stephens (2011:68) byvoorbeeld die klem op persoonlike verhoudings binne die jeugroman plaas. Sodoende word 'n breë invloed van kultuur en samelewing op die vorming van identiteit uitgebeeld en beter begrip vir die rol van magsposisies en die eie posisie binne hierdie patrone bewerkstellig.

McCallum en Stephens (2011:281) verwys daarteenoor na verskeie skrywers wat vanaf 'n afstand oor die gebeure en die karakters reflekteer. Die voorstelling van gendervorming en die uitbeelding van tipiese karakters moet ook gelees word as metonimies vir die algemene eienskappe en groei/ontwikkeling van hedendaagse adolessente (McCallum en Stephens 2011:365).

Heinecken (2013:105) beklemtoon ook die feit dat die jeugroman een is wat handel oor verskillende verhoudings en hoe die tiener binne hierdie verskeidenheid van verhoudings kan funksioneer. McCallum en Stephens (2011:370) verwys na die rol van intersubjektiviteit en integrasie van verskillende verhoudings wat tot 'n vloeibaarheid van identiteit kan lei en wat 'n steeds veranderende beleving van die self inhou. Die adolessent as karakter is 'n persoon in 'n proses van ontwikkeling en soeke. Teen die einde van die roman is die karakter steeds in daardie posisie, al het hy of sy tot 'n sekere besef of begrip van sy of haar omstandighede en sy of haar posisie as subjek op daardie stadium gekom. Daarom is dit ook noodsaaklik om by die lees van hierdie romans bewus te word van 'n steeds ontwikkelende identiteit by die adolessent wat deur verskeie faktore beïnvloed word.

## **2.5 Navorsing in die Afrikaanse jeugliteratuur**

Die veranderinge in jeugliteratuur wêreldwyd het oor die jare heen 'n besliste invloed gehad op die ontwikkeling wat in Suid-Afrikaanse jeugliteratuur plaasgevind het. In 'n belangrike werk oor die ontwikkeling van Afrikaanse kinderliteratuur, *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom*, sê Van der Walt (2005:25) dat daar in die laaste paar dekades 'n ommeswaai plaasgevind het in Afrikaanse jeugromans, maar noem dat die verandering wat ingetree het, slegs op enkele gebiede en ook minder dramaties as in volwassene-literatuur was. Die politieke verandering wat sedert die laat tagtigerjare in Suid-Afrika plaasgevind het, het ook die jeugliteratuur beïnvloed. Waar die karakters in jeugromans vroeër meer oor die middelklas blanke kind gehandel het, het die skrywers vanaf die tagtigerjare karakters geskep wie se lewens nie so geborge was nie. Daar is karakters geskep wie se lewens taamlik onstabiel is, karakters wat uit gebroke huise kom, finansieel nie so welvarend is nie en uit voorheen benadeelde gemeenskappe kom. Hierdie proses van verandering in die jeugromangenre is deur skrywers soos Hester Heese, Alba Bouwer en Rona Rupert ingelui (Van der Walt 2005:26).

In die 1990's tree 'n nuwe geslag skrywers na vore wat onderwerpe aanraak wat eens taboe was. Dit sluit temas soos tienerseks, bloedskande, opstand teen die Protestantse geloof, seks oor kleurgrense heen en prostitusie in. Die tradisionele familie met die sterk vaderfiguur en passiewe moeder maak plek vir 'n afwesige vader en vir 'n moeder wat die enkelouer en broodwinner is.

Navorsing oor geslagsrolle in Afrikaanse jeugromans het ook reeds verskyn. Een daarvan is Niehaus (1989) se studie, "Die eietydse weergawe van tradisionele sprokies en die feminisme se invloed daarop", wat in 1989 verskyn het. Dit het die voorskoolse en laerskoolkind as studieonderwerp. Die ondersoek is na die invloed van tradisionele sprokies op die voorskoolse en laerskoolkind se denke ten opsigte van identiteitsvorming en gendervorming.

In Nieman se studie van 2001, "'n Analise van die representasie van geslagtelikheid in Roelf van Rensburg se *Gooi hom in die sloot* (1971) en Barrie Hough se *Skilpoppe* (1998)", kom die navorser tot die gevolgtrekking dat jeugromans nog nie verander het ten opsigte van die

uitbeelding van geslagsrolle nie en vra die vraag: Watter beeld kry die jong volwasse meisie ten opsigte van “vroueess” in Afrikaanse jeugboeke, die media en haar kultuur?

Loubser spits haar in haar studie in 2012, “Transgressie in die voorstelling van gender in *Die avonture van Wilde Willemientjie* deur Riana Scheepers en Vian Oelofsen”, toe op die voorstelling van gender in dié spesifieke kinderboek en dus op die rol wat tekste in die vorming van genderidentiteit by die laerskoolkind speel.

’n Opvolgartikel deur Nieman en Hugo (2004), “Vrouekarakters in bekroonde Afrikaanse jeugboeke: ’n Opdatering”, dui daarop dat vrouekarakters sedert die 1990’s sterker as voorheen uitgebeeld word, meer avonture beleef en self besluite neem. Daar is bevind dat die gesin meer waarde heg aan die moederfiguur se opinie en dat daar ook weg beweeg word van die tradisionele “mans- en vroueberoep”. Volgens Nieman en Hugo (2004:9) word vroue egter steeds uitgebeeld as skoonmakers en kosmakers binne die gesin, maar dat sy haar ook in ’n beroep uitleef. De Villiers (in Nieman en Hugo 2004:10) beweer verder dat daar ’n neiging bestaan om vrouekarakters al minder op grond van hul uiterlike te beskryf, maar dat dit steeds voorkom. Klem word ook steeds geplaas op manlike karakters se gespierdheid en krag.

Van der Walt en Nieman se artikel (2009), “Die feministiese uitbeelding van die gesin in Marita van der Vyver se boeke vir jong volwassenes”, brei uit oor ’n verandering wat in meer onlangse Afrikaanse jeugliteratuur te bespeur is. Daar word veral gefokus op die omwentelinge in die uitbeelding van die sogenaamde kerngesin of “alternatiewe” gesinne, maar ook op die gekompliseerdheid van die begrip *feminisme* en die positiewe rol wat gesinne in tieners se lewens vervul (Van der Walt en Nieman 2009:153).

Van der Walt en Nieman (2009:156) wys voorts op veranderinge in die jeugwerke van Marita van der Vyver ten opsigte van die tradisionele, patriargale uitbeelding van die gesin in die Afrikaanse jeugliteratuur. Die studie sluit die jeugboek *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* in, wat ook deel van hierdie ondersoek vorm. Van der Walt en Nieman (2009:157) beskryf hierdie werk selfs as ’n openbaring van “die meer feministiese ideale oor die gesin as ’n hoogs komplekse, dikwels verwarrende, vloeibare sosiale groepering met ’n meer gelyke magsverdeling tussen man en vrou”. Deur die beklemtoning van die sogenaamde disfunksionele gesin word die tradisionele siening dus uitgedaag en bevraagteken. Volgens Van der Walt en Nieman (2009:159) is daar in Van der Vyver se jeugromans ’n duidelike uitbeelding van vroue te bespeur. Die vrouekarakters beskik oor meer vryheid en hulle kan meer keuses binne die sogenaamde “postmoderne gesin” uitoefen (2009:160–1). Hierdie neiging het daartoe gelei dat skrywers jeugtekste skep wat gekenmerk word deur “keuse, vryheid, ambivalensie en vloeibaarheid”, asook ’n groter verskeidenheid van geslagsrolle (2009:161).

### 3. Metodologie

Die metodologie vir hierdie artikel het die volgende behels: die keuse van gepaste tekste (vyf Afrikaanse jeugromans tussen 2002 en 2012); teksontleding deur middel van feministiese diskoersontleding; die identifisering van bepaalde, toepaslike temas vir die ondersoek na die aard van gendervorming in die romans, en gevolgtrekkings oor die aard en rol van gendervorming na aanleiding van ’n vergelyking tussen hierdie romans.

Trappes-Lomax (2004:132) beskou diskoersontleding as 'n ondersoek na patrone in taalgebruik (wat literêre tekste insluit) vanuit 'n bepaalde standpunt deur 'n doelbewuste, sistematiese en, so ver moontlik, objektiewe ondersoek na en interpretasie van die tekste. Hierdie diskoersontleding ondersoek nie slegs spesifieke taalkundige patrone nie, maar ook taal wat gebruik word relatief tot die sosiale, politieke en kulturele funksies; taal wat die sosiale orde nie alleen weerspieël nie, maar dit ook vorm en sodoende individue se interaksie met die gemeenskap bepaal (Trappes-Lomax 2004:134). Volgens Marshall (2004:259) word daar deur middel van diskoersontleding in die letterkunde nie net gekonsentreer op die ontleding van die taalstrukture binne die teks nie, maar is dit meer toegespits op karakters en veral hoe hierdie karakters gevorm word deur die gebruik van taal, die invloed van ander karakters en die sosiale omstandighede van die karakter.

Feministiese diskoersontleding is 'n benadering wat dit ten doel het om onlangse vorme van taalwetenskaplike teorieë te kombineer met poststrukuralistiese en derdegenerasie-feministiese teorieë oor gendervorming. Volgens teoretici soos Marshall (2004:238) en Lethonen (2012:235) is die kombinasie van hierdie benadering met narratiewe teorie ideaal om by die ontleding van jeugliteratuur te gebruik. Fiksie is immers konkrete, outentieke taaltekste waarin gender deur middel van verskeie diskoerse saamgestel word: “[In terms of girlhood, poststructural approaches allow an analysis of how girls are presented with and inserted into ideological and discursive positions by practices which locate them in meaning and in regimes of truth” (Marshall 2004:256).

Dit is juis die doel van hierdie artikel om deur middel van feministiese diskoersontleding gendervorming te bestudeer deur 'n ondersoek na die verskillende diskoerse, tekste en kontekste waarin dit voorkom (Lethonen 2012:213). Die klem in hierdie soort ondersoek is nie net op wát gesê word nie, maar op hóé dit gesê word en hoe dit deur middel van taal voorgestel (gerepresenteer) word. Dit is 'n ondersoek na die verbande tussen taalgebruik en die sosiale implikasie daarvan, asook die rol van diskoers in die behoud van die sosiale orde én in sosiale verandering (Lethonen 2012:214).

Hierdie benadering sluit aan by die sosiaalkonstruktivistiese siening dat ons wêreldbeeld onder andere deur middel van taal/diskoerse tot stand kom en dat betekenis dan histories- en kultureel-spesifiek vasgestel word deur sosiale interaksies. Dit verskil egter in dié opsig van ander kulturele en sosiale teorieë in die sin dat dit die stiplees (“close reading”) van tekste veronderstel. Hierdie manier van lees neem ook, buiten die teks, die sosiale en historiese konteks waarin die teks geskep is en gelees word, in ag (Lethonen 2012:214). Wickens (2011:151) verwys in haar navorsing spesifiek daarna dat taal gebruik word om magstrukture in stand te hou. Volgens Machin en Mayr (2012:5) dui die term *krities* juis op die magstrukture in 'n teks en *ontleding* op die magsverhouding tussen die karakters, maar ook tussen die leser en die skrywer van 'n teks. Volgens Fairclough (aangehaal in Machin en Mayr 2012:5) word taal gebruik om ideologiese sienswyses as die norm voor te hou: ideologie verpersoonlik naamlik die wyse waarop sekere diskoerse as norm aanvaar word en sodoende die instandhouding en voortsetting van magsverhoudings verskans.

Binne so 'n interpretatiewe benadering word, volgens Cohen, Manion en Morrison (2006:23) nie normatief ontleed nie, maar word daar eerder die multidimensionele aard van menslike aktiwiteit en die kontekstuele verbondenheid daarvan belig.

Gedurende die teksontleding is die dataverwerking gedoen deur die identifisering van vergelykbare temas gegrond op die wisselende fokalisering, die uitbeelding van die hoofkarakters, asook die aard van die vorming van genderidentifisering in die vyf gekose jeugromans. Uiteindelik is 'n gevolgtrekking gemaak oor die verandering wat Afrikaanse jeugromans ondergaan het ten opsigte van die uitbeelding van geslagsrolle en die invloed wat dit op gendervorming by lesers kan hê.

Wanneer die feministiese diskoersontleding as benadering in onderrig gebruik word, kan dit aan die jeug die geleentheid bied om die samelewing, met al sy vooroordele, krities te beskou ten einde ingeligte besluite te kan neem. Soos Schieble (2012:221) dit met reg stel: 'n mens moet jou altyd afvra wie se stem bevoorreg word en wie s'n nie gehoor word in tekste nie. Hierdie vraag is ook belangrik vir onderwysers wat jeugromans met leerders behandel.

Die feministiese diskoersontleding as benadering beskou genderdifferensiasie as een van die mees standhoudende en invloedryke diskoerse oor baie kulture heen en wel in terme van die sistemiese mag en beheer oor onderlinge diskriminering tussen mense op grond van gender en seksualiteit.

Baxter (2008:246) toon onder andere aan dat feministiese diskoersontleding aandag gee aan die sosiale vorming van genderrolle, die sosiale agtergrond waarteen tekste gelees word, hoe magstrukture bydra tot die vorming van identiteit, en die ondersoek na die bestaande norme en waardes soos uitgebeeld in die diskoerse van die samelewing.

McCallum en Stephens (2011:367) beweer dat 'n roman ondersoek kan word in terme van hoe dit vorme van genderoptrede formuleer of beskryf en ook in terme van hoe die normatiewe weerstaan kan word gedurende die karakters se groei na volwasse vroulikheid. Die ondersoek kan blootlê op watter wyses konserwatiewe genderdiskoerse ingebed is in, of nog deel is van, die sosiale en narratiewe diskoerse.

Verset teen hierdie konserwatiewe diskoerse word moontlik wanneer leserperspektiewe gekonstrueer word binne die intertekstuele ruimte in die diskoers van die roman. Dit is dus moontlik om die patriargale diskoers te bevraagteken en te ondermyn vanuit die posisie van 'n vroulike karakter binne die feministiese diskoers (McCallum en Stephens 2011:367). Die leser se perspektief word dan bepaal deur die fokalisasie en die geïmpliseerde leser se leesperspektief word dan 'n feministiese leesperspektief of lens. Dit is ook nodig om te kyk na meerduidige sieninge van identiteit as gevolg van 'n veranderende, al hoe meer ingewikkelde samelewing en die verskeidenheid van norme wat toegepas word. Dit het tot gevolg dat gendervorming al hoe meer vloeibaar word (McCallum en Stephens 2011:367).

#### **4. Kategorieë vir ontleding**

Met die kombinasie van die narratiewe struktuur van jeugliteratuur en die uitgangspunte van die feministiese diskoersontleding is daar met die ontleding van die gekose tekste veral aandag gegee aan die uitbeelding van en fokalisering deur sterk vroulike hoof- en newekarakters. Die uitbeelding van manlike karakters en die gesin en benaderings ten opsigte van die seksuele is ook ondersoek. Hieruit is sekere afleidings gemaak oor die aard van verandering ten opsigte van gendervorming in meer onlangse Afrikaanse jeugromans en die

uitdaging wat stereotipering stel. Uit die aard van die fokusbeperkings in hierdie artikel kan 'n meer volledige ontleding van hierdie aspekte, soos in die betrokke studie (Geldenhuis 2016), nie hier ingesluit word nie, maar slegs 'n samevatting daarvan.

#### 4.1 Fokalisering

Dit is bekend dat sogenaamde interne fokalisering, met fokalisering deur die adolessent as hoofkarakter, oorheers in jeugromans. Hierdie vertelstyl kan die jeugleser sterker laat identifiseer met die hoofkarakter en met die storielyn. Die jeug is nog in 'n proses van deurlopende verandering en deur gebruik van interne fokalisering word die leser optimaal beïnvloed om persoonlik by die karakters betrokke te raak (Coates 2011:320).

In *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*<sup>1</sup> word daar wel gebruik gemaak van 'n ervarende interne verteller, waar die karakter vertel wat in die hede van die verhaal gebeur, maar Hanna is ook soms die vertellende interne verteller wanneer sy haar en haar gesin se geskiedenis en karakters verduidelik of beskryf.

Die emosies van die protagoniste in *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*, *Pandora se boks* en *Ek was hier* word vanuit die fokalisering van die karakter self (interne fokalisering en vertelling) – die siening van gebeure vanuit 'n karakter of verteller se oogpunt (Venter 2013:3) – beskryf; 'n kombinasie van verteller- en karakterfokalisering. In *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* en *Pandora se boks* is die fokalisering enkelvoudig (dit berus by een karakter), maar in *Ek was hier* is daar meervoudige fokalisering deur die twee karakterfokaliseerders Frankie en Milan.

In *Lien se lankstaanskoene* en *Die verdrinking van Josua van Eden* is daar 'n eksterne verteller wat afwisselend gebruik maak van karakterfokalisering deur die hoofkarakters (Lien en Josua) en skrywerfokalisering.

Die waarneming deur die leser van die gebruik van hierdie skrywerstem en fokalisering, in hierdie geval hoofsaaklik vanuit die meisie as hoofkarakter en/of fokaliseerder (insluitend die skrywerstem waar dit voorkom) se perspektief, behels die kritiese lees van die teks as deel van die genrekonvensies en die oordra van sekere ideologieë in die jeugroman (Crandell 2016:50).

#### 4.2 Sterk vroulike karakters

Die meer geslaagde, sterk vroulike hoofkarakters is Hanna (*Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*), Lien (*Lien se lankstaanskoene*) en Frankie (*Ek was hier*). Hierdie meisies is regdeur die betrokke verhale sterk karakters wat in beheer is van hul eie besluite. Hanna en Frankie begin as selfbewuste karakters. Hanna is selfbewus omdat sy nie die voorbladmeisies se beeldskone uiterlike het nie en ook nie deel is van 'n “normale” patriargale gesin nie, maar dit keer haar nie om uitgesproke te wees in haar oortuigings nie:

En nou is ek vassekeer op 'n berg waar ek oor tien dae my vyftiende verjaarsdag moet vier, saam met my abnormale ma, my ingewikkelde gesin, my beste vriendin en – wait for this – my pa met die peroksiedhare. (Van der Vyver 2002:29)

Frankie is aanvanklik selfbewus in Milan se teenwoordigheid; sy is verlief op hom en weet nie hoe om op te tree nie. Frankie wonder ook hoekom Milan in háár sal belangstel, so asof sy nie goed genoeg is nie. Albei hierdie karakters groei egter deur selfontdekking tot die vorming van 'n eie identiteit vol selfvertroue.

Lien (*Lien se lankstaanskoene*) is ook 'n karakter wat deur die loop van die verhaal groei en 'n eie identiteit ontwikkel. Ten spyte van haar moeilike omstandighede kan sy besluite neem en beslis optree.

Nieman en Hugo (2004:12–3) en Van der Walt en Nieman (2009:685) verwys in hul studies na hierdie verandering in meer onlangse jeugromans as “die selfstandiger, sterker vrouekarakters en die vermoë tot eie besluitneming”; 'n proses wat ook in hierdie gekose jeugboeke manifesteer.

Olga (*Pandora se boks*) en Titania (*Die verdrinking van Josua van Eden*) is karakters wat as sterk en onafhanklike karakters begin, maar later groter afhanklikheid toon. Olga is aan die begin van die verhaal 'n onafhanklike agtienjarige wat vol selfvertroue is. Sy voel gemaklik met wie sy is en hoe sy lyk en voel nie sy hoef haarself aan enigiemand te bewys nie. Sy rebelleer teen die samelewing wat mense klassifiseer op grond van hul voorkoms en sosio-ekonomiese omstandighede. Titania is ook 'n karakter wat aan die begin onafhanklik en vol selfvertroue is in haar eie vermoë. Sy het 'n uitgesproke feministiese siening omtrent die lewe, maar sy is nie 'n mannehater soos wat die meeste gestereotipeerde feministe uitgebeeld word nie. Titania leef haar seksualiteit ten volle uit, maar word juis daarom as 'n gevaarlike karakter deur die newekarakters beskou, wat deel van die uitbeelding van magstrukture vorm.

Die uitbeelding van Titania se posisie sluit aan by Seelinger Trites (2000:x) se siening oor jeugboeke wat verskuilde magstrukture verteenwoordig. Daar is die magstryd tussen die skrywer (gewoonlik 'n volwassene) en die leser (gewoonlik 'n adolessent) en daar is 'n magstryd tussen die karakters en instellings van mag, soos ouers, die skool en die kerk. Josua se ouers en die skoolhoof is ongemaklik oor Titania. Josua se ma beskou haar as “moeilikheid” en die skoolhoof beskou haar as 'n vreemde meisie wat nie “inpas” nie. Hierdie verloop van die verhaal bevestig die volgende stelling:

Male sexual desire is presented as normal and natural, if often out of control, while female sexual desire is almost always portrayed as abnormal or dangerous. In Young Adult fiction females are punished in myriad ways for being sexual ... (Younger 1998:44)

#### **4.3 Die uitgesproke vroulike newekarakters**

In vier van die vyf jeugboeke is daar 'n karakter wat sterk kommentaar lewer oor die posisie van die man en vrou in die samelewing. In *Pandora se boks*, *Lien se lankstaanskoene* en *Die verdrinking van Josua van Eden* is die uitgesproke karakter 'n vriendin van die hoofkarakter. In *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* is die uitgesproke karakter Hanna se ma. In *Die verdrinking van Josua van Eden* word daar byvoorbeeld verwys na Titania (Josua se vriendin) wat Simone de Beauvoir lees en dit ook aan Josua baie duidelik stel dat sy aan niemand behoort nie:



Ek kan doen wat ek wil, wanneer ek wil en met wie ek wil. Dit was nog altyd so en dit sal altyd so wees. Ek is niemand s'n nie. Niemand s'n nie. (Diedericks-Hugo 2008:114)

Mienie, in *Lien se lankstaanskoene*, sê aan Lien dat sy nie kan dink hoekom vrouens hoegenaamd wil kinders hê nie en dit is waarom sy regte wil studeer om hulle te help om lewens te hê (Van der Walt 2008:69).

Nog 'n karakter wat 'n invloed op die hoofkarakter het, is Titania (*Die verdrinking van Josua van Eden*). Titania het aan die begin sterk feministiese oortuigings; sy is taamlik belese oor die feminisme en leef haar oortuigings daarvolgens uit. Titania beïnvloed algaande Josua se siening ten opsigte van die samelewing. Josua begin wonder oor die sin van die lewe en oor sy rol in die samelewing: Josua wil nie meer *inpas* nie, hy het 'n behoefte om te *lewe*. Soos wat Josua al meer dinge begin bevraagteken, raak sy ma al hoe meer bekommerd. Sy verkwalik Titania vir die verandering:

En die ergste van alles is dat Josua hierdie houdinkie inneem. Ek ken hom nie so nie. [...] Sy is moeilikheid. Gróót moeilikheid. Ek kan nie my vinger daarop lê nie, maar iets is verkeerd met haar. Ek het so 'n gevoel dinge kan skeefloop met haar in die rondte. (Diedericks-Hugo 2008:138)

In hierdie geval word die meisie se seksualiteit negatief uitgebeeld. Josua se ouers (instansie van mag) "red" hom deur haar weg te stuur. Die boodskap beklemtoon weer eens dat die tiener nie kan wegkom van die samelewing se siening en oortuigings nie; dit is maar beter om in te pas. Titania het nie ingepas nie; sy het sisteme bevraagteken en haar feministiese oortuigings uitgeleef. Om hierdie rede word sy gestraf en weggestuur.

Twee van die karakters, Maja (*Pandora se boks*) en Frankie (*Ek was hier*), is baie eenders in dié opsig dat hulle nie uitgesproke feministe is nie. Hierdie karakters besef self nie eens dat hulle feministiese oortuigings het nie. Hulle dra onbewustelik hul oortuigings deur hul leefstyl oor. Albei hierdie karakters het sterk persoonlikhede en laat hul nie voorskryf deur die samelewing nie. Hulle doen wat hulle wil en voel nie genoop om enigiemand te beïndruk met voorkoms, kleredrag of vriende nie. Maja word, soos die ander uitgesproke karakters, as vreemd beskou, maar soos wat die hoofkarakters en newekarakters meer met Maja te doen kry, verander hul gestereotipeerde mening van haar. Olga (die hoofkarakter) het later 'n baie hoë dunk van Maja. Hierdie karakters bly deur die onderskeie verhale heen sterk karakters wat tienerliefde vind. Hulle verander egter nie as gevolg van die liefde bloot om in te pas nie. Hulle behou hul selfstandigheid en onafhanklikheid. Hierdie twee karakters is dus ook voorbeelde van 'n veranderende uitbeelding van meisies in jeugromans.

#### **4.4 Die uiterlike beskrywing van vroulike karakters**

Die meeste kritici van die wyse waarop vrouens en meisies uitgebeeld word, wys spesifiek op die aspek van 'n oorbeklemtoning van die uiterlike. Holmes en Marra (2010:7) beweer dat die verbruikersamelewing en media oor die algemeen bydra tot die beklemtoning van en fokus op die volmaakte vroulike liggaam as deel van die heersende sosiale diskoers en dus as bydraend tot die instandhouding van die magsverhoudings van die verlede. Lethonen (2012:245) beskou die obsessie met die uiterlike en die voortdurende ervaring van onvolmaaktheid as deel van die diskoers oor vroulikheid. Sy sien dan ook die ontmaskering

van hierdie diskoers as deel van die kritiese uitkyk wat by meisies moet ontwikkel sodat hulle in staat kan wees om so 'n sienswyse openlik te bevraagteken (Lethonen 2012:258–9).

*Pandora se boks* en *Lien se lankstaanskoene* het in hierdie opsig die volgende eienskappe gemeen. Eerstens word die klem nie op die vroulike karakters se uiterlike geplaas nie. Die karakters word beskryf deur hul optrede en hul persoonlikhede. Tweedens word die vroulike newekarakters uitgebeeld as afhanklik van manlike aandag en goedkeuring. In *Pandora se boks* word die meisies se gedrag bepaal deur ander en in *Lien se lankstaanskoene* word sommige meisies uitgebeeld as karakters wat babbel, skinder en oor nuttelose dinge opgewonde raak:

Die meisies se eindelose gepraat oor die matriekafskied irriteer Lien grensloos. Verspote matriekdogters wat oor dates giggel en dit heeltemal lose as dit by die prys van matriekafskiedrokke kom. (Van der Walt 2008:37)

In albei bogenoemde romans is die sterk ontwikkeling van Lien en Olga as karakters wel 'n welkome veranderde perspektief in Afrikaanse jeugromans. Die voortsetting van sterk manlike karakters in ondersteunende rolle (veral in *Pandora se boks*) is egter tog ook opvallend.

*Ek was hier* (Mirna) en *Die verdrinking van Josua van Eden* (Titania) het 'n vroulike newekarakter gemeen wat aggressief die voortou neem in 'n verhouding. Hierdie karakters word as negatief en gevaarlik uitgebeeld. In albei tekste beeld die karakterisering van hierdie meisies dus uit dat dit nie wenslik is vir die vrou om seksueel die voortou te neem in 'n verhouding nie. Die implisiete kritiek skep die idee dat die samelewing eerder die vrou as “onderdanig” in 'n verhouding wil sien. In hierdie opsig het hierdie jeugromans nog nie wegbeweeg van die patriargale siening nie en bevestig dit Seelinger Trites (2000:95) se stelling: “Realistically speaking, we live in a society that objectifies teen sexuality, at once glorifying and idealizing it while also stigmatizing and repressing it.”

Waar die jeugtekste wel verandering toon, is ten opsigte van die onaantreklike en oorgewig karakters. In *Lien se lankstaanskoene*, *Ek was hier* en *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* word hierdie karakters opsetlik ietwat karikatuuragtig beskryf, maar juis om die boodskap oor te dra dat 'n persoon nie op sy/haar uiterlike beoordeel of gestereotipeer moet word nie. Deur die oordrewe beskrywing van hierdie karakters se uiterlike word die samelewing se stereotipe van die volmaakte modeluitbeelding van die vrou juis uitgedaag.

Die hoofkarakters van *Pandora se boks*, *Lien se lankstaanskoene*, *Die verdrinking van Josua van Eden* en *Ek was hier* dien as voorbeelde daarvan dat sommige jeugromans wel die positiewe aspekte van feminisme kan beklemtoon, maar dat dit steeds nog die onrealistiese ideaal van die foutlose voorkoms in stand hou (Younger 1998:16). Al die hoofkarakters van hierdie verhale is besonder mooi. Alhoewel party van hulle dit nie besef nie, word dit baie duidelik aan die leser oorgedra. Volgens Greyling (1999:2), wat navorsing gedoen het oor die assosiasies van die leesproses, plaas die jong leser haarself in die plek van die hoofkarakter. Dus word die jong leser steeds gekonfronteer met die “ideale” liggaam en met die beheptheid met skoonheid. Die leser mag in hierdie proses 'n negatiewe liggaamsbeeld vorm, soos wanneer Maja vir Olga in *Pandora se boks* voorsê om gunsies van die manlike karakters te vra omdat hulle vir Olga nie sal weier nie as gevolg van haar skoonheid.

In *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* word daar gekonsentreer op die beskrywing van die uiterlike van die karakters. Dit word doelbewus gedoen sodat Hanna as karakter kan groei vanaf iemand wat waarde aan die uiterlike heg, na 'n selfversekerde persoon wat tot die insig kom dat die uiterlike tydelik is en dat dit op die lange duur 'n mens nie gelukkig maak nie. Hanna beoordeel almal aanvanklik op grond van hul voorkoms en sy self loop ook deur onder haar eie kritiese oë. Soos wat Hanna as karakter groei, verander die karakters in haar eie verhale. Die eens pragtige Fabienne bly pragtig, maar het 'n aaklige geaardheid. Anna is die karakter wat gemiddeld is wat sogenaamde skoonheid betref, maar wat mooi van binne is en wat die held se hart steel.

#### 4.5 Die manlike karakters

In *Pandora se boks*, *Lien se lankstaanskoene* en *Ek was hier* word die manlike karakters as sterk en aantreklik en as denkers uitgebeeld. In *Pandora se boks* pas die uiterlike beskrywings by die manlike karakters. Al die manlike karakters word as sterk en gevaarlik uitgebeeld, selfs die hoofseun wat as die redder van Olga optree. Olga, die selfstandige karakter, is later afhanklik van die hulp van Arno en haar pa wanneer sy probeer om Annali, haar suster wat 'n eetversteuring het, te help. Hiermee dra die teks steeds gedeeltelik by tot die idee van mans as denkers en die vrou as 'n passiewe deelnemer in haar eie lewensverloop is. Dieselfde boodskap word subtiel in *Lien se lankstaanskoene* uitgebeeld deur die newekarakters. Lien is egter 'n sterker karakter as Olga, aangesien sy deur "manlike denkers" omring word, maar steeds selfstandig bly en haar eie besluite neem.

In *Ek was hier* word die mans ook as sterk en intelligent en as leiersfigure uitgebeeld, maar nie ten koste van die vrou nie. Frankie is nie 'n passiewe karakter in haar eie verhaal nie. Intendeel, Milan beskou vir Frankie as intelligent, "so skerp soos 'n rissie". In *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* word daar meer klem gelê op die uiterlike van die vroulike karakters as op dié van die manlike karakters. Die manlike karakters se beroepe speel vir Hanna 'n baie groot rol. Hanna dink nie veel van haar biologiese pa of stiefpa se beroepe as onderskeidelik 'n mode-ontwerper en 'n akteur nie. Volgens Hanna is dit nie standvastige, statusberoepe nie. Sy skep gevolglik vir haar in haar verhale die "perfekte" pa: 'n tandarts wat een van die stil en sterk soort is. Maar namate Hanna as karakter groei, verflou haar bewondering vir die patriargale gesin met 'n pa wat 'n statusberoep het.

*Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* en *Lien se lankstaanskoene* het ook die beskrywing van homoseksuele karakters gemeen. Albei hierdie verhale ontnem die homoseksuele karakter van sy manlikheid en gee aan hom 'n "vroulike", sagter kwaliteit. Hanna beskryf haar pa nie as 'n man nie, maar as 'n "gay" modeontwerper (Van der Vyver 2002:5). Sy noem hom selfs 'n "queen" (Van der Vyver 2002:2). In *Lien se lankstaanskoene* is Dirkie en Donovan die twee homoseksuele karakters wat die eienaars van 'n haarsalon is. Die eksterne verteller beskryf hulle in groter ooreenstemming met die vroulike newekarakters en wel as "skinderbekke wat oor alles en tog oor niks praat nie". Die logo van hul haarsalon het ook 'n "verspotte" krulletjie in. Die woord *verspot* word gebruik as beskrywing vir die vroulike karakters, maar ook vir die homoseksueles. Hiermee ontnem die skrywers van *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* en *Lien se lankstaanskoene* die homoseksuele karakters van hul "manlikheid" en beklemtoon sodoende hul "andersheid" as meer van pas vir vroulike karakters. Juis deur die homoseksuele man meer "vroulike" kwaliteite te gee, beklemtoon die skrywers van *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* en *Lien se lankstaanskoene* genderstereotipering (vergelyk Rhebergen en Human 2015:56).

#### 4.6 Die patriargale gesin/kerngesin

Van der Walt en Nieman (2009:677) verwys na die tipiese, tradisionele, patriargale of kerngesin as die Afrikaner-gesin met die man aan die hoof van die huis en die vrou as tuisblyer en gesinsversorger. Hulle beklemtoon egter ook die feit dat die uitbeelding van hierdie soort gesin in onlangse Afrikaanse jeugboeke verander het na die voorkoms van die sogenaamde alternatiewe gesin. Dit is ook die neiging in die betrokke jeugboeke in hierdie studie.

Slegs twee van die vyf gekose tekste beeld die tradisionele gesin uit. Dit is egter die karakters in *Ek was hier* wat met die minste probleme deur die lewe gaan. Hanna (*Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*) is deel van 'n hersaamgestelde gesin en voel dat indien sy deel van 'n tradisionele kerngesin was, haar gesin miskien nie so disfunksioneel in haar oë sou wees nie. *Pandora se boks* en *Lien se lankstaanskoene* het aanvanklik enkelouergesinne. In *Pandora se boks* is die ma afwesig, maar die pa bly sterk en in beheer van sy gesin. In teenstelling met *Pandora se boks* is Lien in *Lien se lankstaanskoene* se vaderfiguur afwesig, maar Olga se pa kom die mas op sonder die moeder terwyl hulle wag op haar ma se herstel. Lien se ma kan egter nie die mas opkom sonder die hulp van die vaderfiguur nie. Die kerngesin word nog steeds as belangrik beskou en die betrokke tekste beeld dit herhaaldelik so uit.

#### 4.7 Koppeling van geslag aan beroepe

In *Pandora se boks*, *Lien se lankstaanskoene* en *Ek was hier* beklee die vaderfigure nog 'n leiersposisie in hul werk. Al drie hierdie karakters se ma's werk. Lien se ma volg 'n tradisionele beroep, naamlik dié van onderwyser. In *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* is Hanna se biologiese pa 'n modeontwerper, haar stiefpa 'n akteur en haar ma 'n kunstenaar. Die moederfigure in *Pandora se boks* en *Ek was hier* is onderskeidelik 'n sielkundige en juweelontwerper. Dit blyk dat die uitbeelding van vroue in jeugromans nie meer net beperk is tot die tradisionele beroepe nie, met die uitsondering van *Lien se lankstaanskoene*. Lien se ma was ook aanvanklik 'n tuisbly-ma en word 'n musikonderwyser; die dominee se vrou is 'n tuisbly-ma, en Sally is 'n haarkapper. Al die vroue in daardie verhaal volg 'n tradisionele beroep. Sally, wat 'n werkende ma is, word uitgebeeld as selfgesentreerd en 'n swak ma.

#### 4.8 Seks en seksuele politiek

Seelinger Trites (2000:85), Nieman en Hugo (2004:10) en Waugh (2006:322) is dit eens dat die beskouing van vroue nog grootliks met hul liggame geassosieer word. Die totaliteit van die vrou as mens tel nie – haar waarde word gemeet aan haar borsmaat, gewig en beenstruktuur. Younger (1998:34) beweer, soos ook vroeër aangehaal: “Female power, sexual and otherwise, is connected to a thin, lean body.” Younger (1998:21) noem ook dat wanneer gewig nie ter sprake is nie, die leser aanneem dat dit 'n slank karakter is, maar sodra die skrywer die karakter as abnormaal wil uitbeeld, is dit gewoonlik 'n oorgewig en onaantreklike karakter.

In *Pandora se boks* is daar 'n oorgewig meisie met 'n lelike vel (Lizelle) wat deur die gewilde meisies misbruik word. Hierdie karakter bevestig bogenoemde bewering in 'n mate, want dit is hierdie karakter wat die video gemaak het wat vir Olga en haar suster (Annelie) in

'n groot verleentheid laat beland het. Lizelle het die goedkeuring van die gewilde groep meisies gesoek. Sy het ook baie sleg gevoel oor wat sy gedoen het en wou oor die hele saak bieg, maar die gewilde groep het haar gekeer. Lizelle is nie 'n ongure karakter nie; sy het net goedkeuring van ander gesoek, soos wat dit met die meeste adolessente die geval is.

In *Ek was hier* is Gloria 'n karakter wat bogenoemde stereotipering ondermyn. Sy word wel as oorgewig en eksentriek uitgebeeld, maar is 'n geliefde karakter en in teenstelling met Younger (1998:21) se bewering. Van die vyf gekose tekste beeld drie van die romans, naamlik *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*, *Pandora se boks* en *Ek was hier*, die antagonis as 'n mooi meisie uit. Dit is ook in teenstelling met Younger (1998:21) se bewering. Dit wil voorkom asof die skrywers van jeugromans wegbeweeg van stereotipiese geneigdheid om oorgewig en onaantreklike karakters die skurke te maak.

In hulle navorsing het Younger (1998:44) en Seelinger Trites (2000:85, 88) bevind dat vroulike karakters wat op seksuele gebied die voortou neem, meer negatief uitgebeeld word. Slegs een van die vyf bespreekte tekste het seks as onderwerp direk aangeraak. Dit wil voorkom asof die betrokke Afrikaanse skrywers nog versigtig is vir hierdie onderwerp. In *Die verdrinking van Josua van Eden* is Titania die karakter wat Josua meer leer oor die lewe en van seks. Titania is vir die magstrukture, naamlik Josua se ouers en die skool, juis om hierdie rede 'n bedreiging. Titania, wat in die begin uitgebeeld word as 'n sterk, onafhanklike karakter wat haar feministiese siening uitleef, eindig gebroke en alleen in 'n hospitaalbed. Hierdie einde bevestig Younger (1998:44) en Seelinger Trites (2000:85, 88) se bewering dat die onafhanklike meisie wat seksueel die voortou neem, meer negatief uitgebeeld word. Volgens Seelinger Trites (2000:88) is adolessente seksuele wesens wat hul seksualiteit wil ondersoek. Dis normaal en deel van die lewe, maar met hierdie neiging in jeugboeke, kan die jong leser tot die gevolgtrekking kom dat seksualiteit iets is wat onderdruk moet word.

#### **4.9 Voortsetting van die normale uitbeelding van adolessente**

Jeugliteratuur word gekenmerk deur 'n werklikheidsgetroue uitbeelding van die vraagstukke waarmee adolessente worstel, soos verhoudings, konflik en botsing met magstrukture. Die jeugroman kan 'n rigtingwyser vir die jeug wees oor hoe om situasies te hanteer. Deur gebeure en karakters meer relevant tot die jeug se ervaringswêreld uit te beeld, kom daar normale stereotiperings voor, soos skool, onderwysers en buierige tieners.

In *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* is daar ook gedeeltelike stereotipering in die uitbeelding van die adolessente as karakters. Hanna is ontevrede met haar voorkoms. Sy kry vir haar 'n mooi vriendin om te vergoed vir haar eie tekortkominge. Haar stiefbroer, Yann, is ook, soos Hanna, ontevrede met sy lot. Hanna én Yann probeer van hul lot ontvlug: Hanna deur haar skryfwerk en Yann in sy musiek. Die karakters word uitgebeeld as tipiese, gestereotipeerde adolessente wat buierig en onvergenoeg is.

Soos Hanna, word ook Olga in *Pandora se boks* omring deur gestereotipeerde karakters. Dit geld vir sowel die adolessente as die volwassenes en die onderwysers. Die uitsondering in hierdie teks is Maja, wat 'n baie sterk karakter is. Tipies van stereotipering, word hierdie karakter as vreemd en as 'n buitestander geklassifiseer, bloot omdat sy so 'n sterk persoonlikheid het en aangesien sy weet wat sy in haar lewe wil bereik.

In *Lien se lankstaanskoene* manifesteer stereotipering in die uitbeelding van die adolessente, die skool, onderwysers en die kerngesin. Selfs die bedelaars is aanvanklik stereotipes, aangesien hulle uitgebeeld word as verwaarlooste karakters met min of geen geleerdheid.

In *Die verdrinking van Josua van Eden* is Josua deel van 'n gesin waar die getroude ouers albei werk. Die ouers het oënskynlik 'n vennootskap, maar daar is tog 'n sweempie van die patriargale gesin teenwoordig. Josua se ma is deel van die besluitneming, maar sy laat dit nog aan haar man oor om die praatwerk te doen.

In teenstelling met die ander jeugromans wat bespreek is, is die hoofkarakters en newekarakters in *Ek was hier* nie die normale adolessent of selfs ouers nie. In hierdie verhaal is die tieners baie volwasse en die ouers behandel die tieners soos volwassenes. Hulle word toegelaat om hul eie besluite te neem sonder inmenging deur die volwassenes.

#### 4.10 Uitdaging van stereotipes

Rhebergen en Human (2015:2) verwys in die Engelse opsomming van hul artikel na 'n bevinding dat lees wel 'n groot impak op die jeug se standpunte en houdings het:

New textual information regarding a character can fall into the familiar pattern, with the result that it confirms the presuppositions in the mental map, but it also happens that the new information does not fall within the familiar pattern and that an adjustment of the mental map is needed. When information deviates radically from the existing mental map, it may be necessary to expunge this specific mental map or reconsider it. (Rhebergen en Human 2015:2)

In *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* word die tradisionele genderrolle van die volwassenes deeglik ondermyn (vergelyk Van der Walt en Nieman 2009:677). Die gevolg is volwasse karakters wat heel anders is as wat 'n leser van die uitbeelding van die ouers verwag. Hanna se ma, Mana, is 'n uitgesproke feminis en is absoluut teen genderstereotipering gekant. Sy is 'n ma wat ouerlike pligte aanvaar, maar omdat sy dit wil doen, nie omdat dit van haar verwag word net omdat sy 'n vrou is nie. Dit was haar keuse om kinders te hê sonder om in 'n huwelik vasgevang te wees.

Hanna se pa, Gavin, is die teenoorgestelde van wat 'n mens van die “normale” hoof van die huis sou verwag. In plaas van die gebruikelike “sterk” manlike karakter word Gavin uitgebeeld as 'n eksentrieke homoseksuele man wat na homself as “modepop” verwys en ook 'n modeontwerper is. Hy word beskou as swak pa-materiaal. Hy word uitgebeeld as 'n persoon wat toegespits is op sy loopbaan en wat nie regtig daarin belang stel om 'n vader te wees nie. In hierdie geval ondermyn die roman dus die tradisionele vaderfiguur.

In die verhaal van *Pandora se boks* word stereotipes aan die begin sterk bevraagteken, maar dit word nie deurgevoer na die einde van die verhaal nie. Olga, wat as 'n sterk karakter begin, raak mettertyd meer afhanklik van Arno en sy verwys ook na hom as haar ridder.

Heinecken (2013:112) stel dit duidelik dat verliefdheid en die heteroseksuele verhouding tussen meisie en seun nog altyd wêreldwyd oorheersend in jeugliteratuur is. Dit is deel van die sosiale orde en struktuur wat meisies moet leer hanteer, maar waaruit hulle ook heelwat kan leer vir die vorming van hul eie identiteit en hul besluite oor die rol wat hulle in

verhoudings wil en kan speel. Volgens Heinecken (2013:113) is dit ook duidelik dat meisies juis in hierdie verhoudings ook oor hul seksuele rol en identiteit moet besin, dit leer verstaan en dit formuleer. Coates (2011:318) stel dit onomwonde: “Girls today are generally encouraged to be more savvy in negotiating objectifying discourses, even standing against mainstream feminism in their quest.”

Die gewone stereotiperings is buierige adolessente wat agter toe deure gaan lê en tob. Dit is die liefdesverhoudings tussen tieners en hul onsekerheid oor hulself en oor ander wat deel vorm van die stereotipiese uitbeelding van adolessente in jeugboeke. Dikwels is die kern van die jeugroman die uitbeelding van die onsekerheid en vloeibaarheid van die adolessent in sy/haar soeke na identiteit en genderrolle.

In *Ek was hier* word die stereotipering van geslagsrolle en die fisieke uiterlike bevraagteken. Ben van Luffelen met sy beskrywing as sterk en “manlik” is die ouer wat die etes vir die gesin voorberei, ’n taak wat in die patriargale gesin beskou word as die vrou s’n. Die karakter Gloria bevraagteken die stereotipering van die uiterlike.

Volgens Younger (1998:20) word die oorgewig karakters uitgebeeld as die karakters wat geen selfbeheer het nie. Hulle is sleg, lui, dom en jaloers en wil die mooi, slank en slim karakters te na kom. Die beskrywing van Gloria daag hierdie stereotipe uit. Sy is groot, en haar taalgebruik ’n bietjie ongekunsteld, maar sy is beslis nie dom, jaloers of lui nie. Albei die hoofkarakters spreek van hul liefde vir Gloria: Frankie dink aan haar as “Gloria met die groot hart wat Vrydae vir die straatkinders kaasrolletjies maak en vir my kos gee op ’n Woensdag as ek laat terugkom van surfing af” (Van Rooyen 2011:22); en Milan: “Ek is mal oor hierdie vrou wat gebou is soos Miss Piggy en soos sy aantrek ook” (Van Rooyen 2011:55).

Volgens Koss en Teale (2009:564) het skrywers al hoe meer begin eksperimenteer met die formaat, vertelperspektiewe en die veranderende rol van gendervorming in jeugromans. In *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* is die beskrywing van karakters en uitbeelding van genderrolle verfrissend anders as in jeugboeke van ’n paar dekades gelede (vergelyk Van der Walt en Nieman 2011:685-6).

In *Pandora se boks* word Mario aanvanklik as die tradisionele “rokjagter” uitgebeeld. Hy het egter eintlik ’n sagte hart en sal die vrou se eer beskerm:

“Ek het vir jou gesê ek kan self vir Derek handle, en ek het ook. Dit was nie nodig dat jy inneng nie.” (...) Ek vat aan sy arm. “Thanks, Mario, al was dit totally onnodig,” sê ek. (Engelbrecht 2009:87)

In *Lien se lankstaanskoene* is Miemie Spies die karikatuur, die verspote feminis wat op haar boud ’n besem laat tatoeër het om haar te herinner aan wat kan wees as sy ’n gesin bo ’n beroep verkies. Aan die ander kant is Lien, die hoofkarakter wat na die tradisionele kerngesin verlang, juis die een wat besig is om te groei na volwassenheid en onafhanklikheid.

In *Die verdrinking van Josua van Eden* is die uitbeelding van die karakter, Titania, ’n verfrissende alternatief tot die stereotiepe tienermeisie. Sy steur haar min aan wat ander van haar dink, wat sy aantrek en of sy vriende het of nie. Titania kan beskou word as vreemd, maar omdat sy so beeldskoon is, maak dit nie saak dat sy vreemde dinge doen soos om haar

skoolklere met blomme te versier nie, of dat sy Purity eet en met niemand vriende maak nie. Sy hou haar eenkant, maar omdat sy mooi is, maak dit haar interessant en nie vreemd nie.

#### **4.11 Slotsom**

In die betrokke tekste is daar 'n duidelike ommeswaai van Seelinger Trites (1997:95) se stelling dat heelwat sogenaamde jeugromans met 'n feministiese inslag goed begin, maar aan die einde terug verval in die patriargale stelsel. Die vroulike karakters bevind hulle tog maar weer in die held se arms nadat hy haar “gered” het. Hierdie studie dui op die teendeel. Die verhale eindig oop en daar is nie 'n sprokiesende vir die karakters nie. Die karakters bevind hulle steeds in die proses van identiteitsvorming en keuses met betrekking tot geslagsrolle.

In die jeugromans onder bespreking is die sterk wisseling in fokalisering van meisies as hoofkarakters of sterk newekarakters duidelik. Daar is ook 'n bevraagtekening van die belang van die uiterlike by meisiekarakters, direkte en indirekte feministiese uitsprake en denke by meisiekarakters, 'n ondermyning en 'n bevraagtekening van vroeëre tradisionele sienswyses oor die gesin en vrouekarakters. Die groeiproses van meisies na onafhanklikheid en selfstandigheid, asook die rol wat verhoudings en intersubjektiviteit speel, word voortdurend beklemtoon.

Die tradisionele tema van die jeugroman, naamlik die uitbeelding van die jeugkarakter se groeiproses, die soeke na onafhanklikheid, 'n identiteit en geslagsrolontwikkeling, is wel duidelik in elk van hierdie jeugromans verteenwoordig. Die vervloeiende aard van gesinne en rolidentifisering by adolessente waarbinne hulle met verskillende en selfs teenstellende rolle kan identifiseer, teenstrydige emosies ervaar en selfs nog sogenaamde tradisionele norme aanvaar, word egter in hierdie romans dieper ontgin as in die verlede.

Dit is duidelik dat die jeugroman in Afrikaans, alhoewel nog versigtig oor talle taboe onderwerpe, al hoe meer leesstof vir die adolessent bied waarin bestaande samelewingsnorme bevraagteken word. By die kritiese lees van hierdie tekste kan duidelikheid oor heersende sosiale en kulturele vormings gevorm word. Hierdie moontlikheid van die fiksieteks om die leser tot kritiese denke aan te spoor, behoort ook in die onderrigsituasie benut te word. Meer aandag behoort aan die keuring van geskikte tekste en die ontginning en toepassing daarvan in die klaskamer geskenk te word.

### **5. Samevatting**

Na die ontleding van die betrokke jeugverhale is die gevolgtrekking dat daar wel 'n ideologiese skuif waarneembaar is. Die gebruik van sterk vrouekarakters as fokaliseerders is opvallend. Sterk newekarakters is ook waarneembaar. Daar is duidelike bevraagtekening en ondermyning in die beskrywing van die fisieke uiterlike. In die meeste van die tekste word daar besliste feministiese uitsprake gemaak. Die verskynsel van die alternatiewe gesin en die veranderende rol van mans en vrouens in die huisgesin word ook aangeraak. Dit is ook baie duidelik uit die verskillende tekste dat die adolessent nie net blootgestel word aan tradisionele opvattinge oor geslagsrolle nie, maar juis gekonfronteer word met verskillende verhoudings en situasies waarin keuses gemaak moet word. Dit lei tot teenstrydige emosies en die aanneem van verskillende rolle soos die situasies verander. Die gendervorming van die



karakters (en dus ook die lesers) is nie eenvoudig of enkelvoudig nie, maar kompleks, vloeibaar en steeds veranderlik. Veral die hoofkarakters bly dus teen die einde van die gekose jeugromans nog op pad na 'n besinning oor identiteitsrolle en gendervorming.

Die waarde van sommige vroulike karakters word egter steeds aan hul uiterlike gekoppel. Die hoofkarakters is mooi meisies wat manlike aandag geniet. Titania (*Die verdrinking van Josua van Eden*) kan beskou word as vreemd, maar sy word haar “vreemdheid” vergewe omdat sy volgens die waarneming van die ander karakters beeldskoon is. Die minder mooi karakters word geboelie en word nie te hulp gesnel deur die manlike karakters nie. Hierdie uitbeelding kan 'n negatiewe invloed op die vroulike jeugleser hê. Die verskuilde boodskap spreek hard en duidelik: 'n vrou se waarde word aan haar uiterlike gemeet. Die manlike karakters word steeds uitgebeeld as die denkers en leiers, wat verkeerdelik die indruk kan skep dat vroue nie vir hulself kan dink nie en dat hul nie leiersrolle kan inneem nie. Wat seks en seksuele politiek betref, is daar nog min verandering. Vroulike seksualiteit word as gevaarlik en onvanpas beskou. Manlike seksualiteit word as meer aanvaarbaar geag. Die vrou wat seksueel die voortou neem, word steeds strenger beoordeel as die manlike karakter.

Met die uitbeelding van die homoseksuele karakters word die klem juis geplaas op die verskille tussen geslagte. Die homoseksuele karakters kry almal stereotipiese, vroulike kwaliteite soos die geneigdheid om te skinder, om oormatig emosioneel te reageer en oor onbenullighede te babbel. Die mens se individualiteit word hierdeur misken en die homoseksuele man word saam met die vroulike karakters gestereotipeer. Hy word van sy “manlikheid” ontnem, omdat hy nie by die idee van “sterk manlikheid” inpas nie. Hiermee word die ideaal van Simone de Beauvoir (in Waugh 2006:319–20), dat 'n persoon eerstens as mens (individu) gesien moet word en dan as man of vrou, ontken. Die vroulike jeugleser kan verkeerdelik die boodskap kry dat jy geïdentifiseer word as deel van die groep “man” of “vrou” en dat individualiteit nie bestaan nie.

Daar is ook duidelike verskuiwings in die jeugromans. Die tradisionele kerngesin maak plek vir gesinne wat meer soos 'n vennootskap funksioneer. Die man is nie meer alleen die hoof van die huis nie. Daar is ook 'n duidelike verandering in die koppeling van geslag aan beroepe. Die vroulike karakters volg nie slegs meer die tradisionele, versorgende beroepe waartoe hul eens beperk was nie. Hiermee word die spektrum van keuses en geleenthede van beroepe vir die jeugleser groter.

'n Ander opvallende verandering is dié ten opsigte van vroulike karakters wat kommentaar lewer oor die vrou se posisie in die samelewing. Sekere van hierdie karakters is meer geslaagd as ander. Nietemin is hulle daar en hulle kan 'n invloed op die vroulike hoofkarakter en vroulike jeugleser se denke uitoefen. Die vroulike hoofkarakter is ook sterk en met 'n eie opinie. Hulle is in beheer van hul eie geslaagde of niegeslaagde besluite. Die skurk-karakters is nou mooi en slanke meisies. Die oorgewig karakters word uitgebeeld as karikature (Gloria in *Ek was hier*) maar is juis geskep om deur hul optrede sterk kommentaar op stereotipes te lewer.

Literatuuronderrig bied aan die taalonderwyser 'n uitstekende geleentheid tot die bestudering van geslagtelikheidskwessies en stereotipering. Volgens Nieman (2001:10–7) kan taalopvoeders 'n bydrae lewer deur die keuse van die regte tekste en gebalanseerde leeslyste sodat 'n geslagtelikheidsregverdige kurrikulum verseker kan word.

Een van die implikasies en aanbevelings van hierdie ondersoek is die moontlikheid van 'n verandering in die onderrig van literatuurstudie op skool. Om 'n geslagtelikheidsregverdigde kurrikulum te verseker, sal opvoeders ook moet let op hul eie houding teenoor geslagtelikheid. Hulle moet ingelig word oor die uitbeelding van genderrolle in jeugliteratuur. Spesifieke onderrigstrategieë kan aangewend word om leerders bewus te maak van verskuilde magstrukture en ideologieë. Sodoende kan die lesers oor genderrolle en -vorming besin.

Opvoeders se rol sal dus eerder wees om leerders te lei tot deelname aan klasgesprekke/debatte, groepwerk en selfs individuele take oor stereotipering en verskuilde magstrukture, as om hul eie menings op leerders af te dwing. Laastens behoort leeslyste uit tekste te bestaan wat in sowel seuns as meisies se smaak val. Opvoeders gee dalk nog te veel voorkeur aan die smaak van seuns, omdat hulle beskou word as die groep wat nie graag lees nie en nie van "meisieverhale" hou nie.

Diskriminasie, bewustelik of onbewustelik, hou nadelige gevolge in vir diegene teen wie daar gediskrimineer word. Dit verhoed gelyke geleenthede en stel onregverdigde beperkings op individue. Taalopvoeders moet besef dat jeuglektuur 'n geweldige invloed op die vorming van genderidentiteit kan hê. Hulle moet uiters sensitief wees vir verskuilde magstrukture en die tienerlesers versigtig lei tot die identifisering van verskuilde ideologieë en stereotipiese uitbeeldings van karakters en handeling.

## Bibliografie

- Baxter, J. 2008. Feminist post-structuralist discourse analysis – A new theoretical and methodological approach? *Discourse Society*, 13(6):827–42.
- Bean, T.W. en K. Moni. 2003. Developing students' critical literacy: Exploring identity construction in young adult fiction. *Journal of Adolescent and Adult Literacy*, 48(8):638–48.
- Butler, J. 2004. *Undoing gender*. New York: Routledge.
- Castle, G. 2007. *The Blackwell guide to literary theory*. Malden: Blackwell.
- Coats, K. 2011. Young adult literature: Growing up, in theory. In Wolf e.a.2011.
- Cohen, L., L. Manion en K. Morrison (reds.). 2006. *Research methods in education*. 5de uitgawe. Oxon: Routledge Falmer.
- Crandell, C.C. 2016. Reading power: Female sexuality, bullying and power relations in young adult literature. Ongepubliseerde doktorsproefskrif. Universiteit van Massachusetts, Amherst.
- Davies, A. en C. Elder (reds.). *The handbook of applied linguistics*. Malden: Blackwell
- Day, S.K. 2010. Power and polyphony in young adult literature: Rob Thomas' *Slave day*. *Studies in the Novel*, 42(1):66–83.

- Diedericks-Hugo, C. 2008. *Die verdrinking van Josua van Eden*. Pretoria: LAPA Uitgewers.
- Engelbrecht, N. 2009. *Pandora se boks*. Kaapstad: Human en Rousseau.
- Fairclough, N. 2000. *Critical discourse analysis*. New York: Routledge
- Fox, A.J. 2010. Girls coming of age: Possibilities and potentials within young adult literature. College of Liberal Arts and Social Sciences Theses and Dissertations. <http://via.library.depaul.edu/etd/34> (11 Februarie 2012 geraadpleeg).
- Geldenhuis, I. 2016. Die aard van genderkonstruksie van vroulike hoofkarakters in resente Afrikaanse jeugliteratuur. Ongepubliseerde MEd-verhandeling, Kaapse Skiereilandse Universiteit vir Tegnologie, Bellville.
- Glessner, M., H. Hoover en L. Hazlett. 2006. The portrayal of overweight in adolescent fiction. *Reclaiming Children and Youth*, 15(2):116.
- Greyling, F. 1999. In die storiewêreld in – die jong leser en identifisering met karakters. <http://www.storiwerf.co.za/artikels-dinkskrum/identifisering.htm> (4 Februarie 2013 geraadpleeg).
- Hartley-Kroeger, F. 2011. Silent speech: Narration, gender and intersubjectivity in two young adult novels. *Children's Literature in Education*, 42:276–88.
- Heinecken, D. 2013. All of her changes have made me think about my changes: Fan readings of Phyllis Reynolds Naylor's *Alice* series. *Children's Literature in Education*, 44:104–19.
- Holmes, J. en M. Marra. 2010. Femininity, feminism and gendered discourse: A selected and edited collection of papers from the fifth International Language and Gender Association Conference (IGALA5). Cambridge Scholars Publishing.
- Kokesh, J. en M. Sternadori. 2015. The good, the bad and the ugly: A qualitative study of how young adult fiction affects identity construction. *Atlantic Journal of Communication*, 23:139–58.
- Koss, M.D. en W.H. Teale. 2009. What's happening in YA literature? Trends in books for adolescents. *Journal of Adolescent and Adult Literacy*, 52(7):536–72.
- Lethonen, S. 2012. I am glad I was designed: Un/Doing gender and class in Susan Price's *Odin* Trilogy. *Children's Literature in Education*, 43(2):212–59.
- Loubser, H. 2012. Transgressie in die voorstelling van gender in *Die avonture van Wilde Willemientjie* deur Riana Scheepers en Vian Oelofsen. *LitNet Akademies*, 9(1). <http://www.litnet.co.za/transgressie-in-die-voorstelling-van-gender-in-die-avonture-van-wilde-willemientjie-deur/> (15 Maart 2013 geraadpleeg).
- Machin, D. en A. Mayr. 2012. *How to do critical discourse analysis*. Londen: SAGE.

Marshall, E. 2004. Stripping for the wolf: Rethinking representations of gender in children's literature. *Reading Research Quarterly*, 39(2):256–70.

McCallum, R. en J. Stephens. 2011. *Ideologies and children's books*. In Wolf e.a. 2011.

Niehaus, S.L.J. 1989. Die eietydse weergawe van tradisionele sprokies en die feminisme se invloed daarop. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Randse Afrikaanse Universiteit.

Nieman, M.M. 2001. 'n Analise van die representasie van geslagtelikheid in Roelf van Rensburg se *Gooi hom in die sloot* (1971) en Barrie Hough se *Skilpoppe* (1998): Opvoedkundige implikasies. Miniskripsie ingedien ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die MA-graad in die program Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Natal.

Nieman, M.M. en A.J. Hugo. 2004. Vrouekarakters in bekroonde Afrikaanse jeugboeke: 'n Opdatering. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 44(1):1–13.

Rhebergen, J. en T. Human. 2015. Darem meer as moffies? Stereotipering in die voorstelling van homoseksuele en homoseksualiteit in die Afrikaanse jeuglektuur. *LitNet Akademies*, 12(1):33–67.

Santoli, S.P. en M.E. Wagner. 2004. Promoting young adult literature: The other real literature. *American Secondary Education*, 33(1):65.

Schieble, M. 2012. A critical discourse analysis of teachers' views on LGBT literature. *Studies in the Cultural Politics of Education*, 33(2):207–22.

Seelinger Trites, R. 2000. *Disturbing the universe: Power and repression in adolescent literature*. Iowa City: University of Iowa Press.

Trappes-Lomax, H. 2004. Discourse analysis. In Davies en Elder (reds.) 2004.

Van der Vyver, M. 2002. *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom*. Kaapstad: NB-Uitgewers.

Van der Walt, D. 2008. *Lien se lankstaanskoene*. Kaapstad: NB-Uitgewers.

Van der Walt, T.B. 2005. Afrikaanse kinder- en jeugprosa. In Wybenga en Snyman (reds.) 2005.

Van der Walt, T.B. en M.M. Nieman. 2009. Die feministiese uitbeelding van die gesin in Marita van der Vyver se boeke vir jong volwassenes. *Mousaion*, 27(2):150–63.

Van Rooyen, N. 2011. *Ek was hier*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Venter, S. 2008. *Exploring our national days. Women's Day 9 August*. Suid-Afrika: Jacana Media.

Waugh, P. 2006. *Literary theory and criticism*. New York: Oxford University Press.

Wickens, C.M. 2011. Codes, silences, and homophobia: Challenging normative assumptions about gender and sexuality in contemporary LGBTQ young adult literature. *Children's Literature in Education*, 42:148–64.

Wolf, S.A., K. Coats, P. Enciso en C.A. Jenkins (reds.). 2011. *Handbook of research on children's and young adult literature*. New York: Routledge.

Wybenga, G. en M. Snyman (reds.). 2005. *Van Patrys-hulle tot Hanna Hoekom. 'n Gids tot die Afrikaanse kinder- en jeugboek*. Pretoria: LAPA Uitgewers.

Younger, A.E. 1998. How to make a girl: Female sexuality in young adult literature. Ongepubliseerde doktorsale proefskrif, Louisiana State University.

### **Eindnota**

<sup>1</sup> Voortaan sal in hierdie dokument slegs die titel van die jeugteks gebruik word wanneer iets daarin bespreek of vergelyk word en na die skrywer, datum en bladsynommer(s) indien daar 'n aanhaling is.